


# St. Petrus & St. Paulus

## 29 Junie

Die heilige Apostels, Petrus en Paulus, was twee magtige getuies van die Here Jesus Christus. Hoewel St. Petrus duidelik aan die hoof van die Apostels gestaan het, is dit die lewe en wedervaringe van die latere Apostel, St. Paulus, wat die breedvoerigste in die Nuwe Testament beskryf word. Petrus was die hoeksteen en 'rots' van die eerste Christelike geloofsgemeenskap terwyl Paulus hierdie gemeenskap ver buite die grense van die Heilige Land uitgebrei het.

© Die Oratorium Uitgewery